

Pregala Pillay & Chris Jones*

Ons vier elke jaar op 17 Oktober die [Internasionale Dag vir die Uitwissing van Armoede](#) wat teruggeneem kan word na 17 Oktober 1987 toe meer as 100 000 mense in Parys byeengekom het om hulde te bring aan slagoffers van uiterste armoede, geweld en honger. Vir hulle het armoede menseregte geskend en hulle het byeengekom om te verseker dat hierdie regte gerespekteer word.

Wêreldwye armoede

Volgens die Verenigde Nasies (VN) is die goeie nuus dat [armoede tussen 2000 en die Covid-19-pandemie wêreldwyd meer as gehalveer is](#), veral in lande in Oos- en Suidoos-Asië. Covid-19 het egter 'n verwoestende uitwerking gehad met 'n [geraamde halfmiljard mense wat \(terug\) gedwing is in armoede](#).

Voor die pandemie (2015) het ongeveer 10% van die wêreldbevolking in uiterste armoede geleef (teen of minder as \$ 1,90), en het hulle gesukkel om in basiese behoeftes soos gesondheid, onderwys, toegang tot water en sanitasie te voorsien. Dit is minder as die 16% in 2010 en 36% in 1990.

In 2016 het meer as die helfte van die wêreld se bevolking (55%) of vier miljard mense nie voordeel getrek uit enige vorm van sosiale beskerming nie.

Die eerste van die VN se 17 Doelwitte vir Volhoubare Ontwikkeling (VOD's) is om [alle vorms van armoede teen 2030 te beëindig](#). Die doel van teiken 1 van die eerste VOD is om die “beduidende mobilisering van hulpbronne uit 'n verskeidenheid bronne te verseker, insluitend deur verbeterde ontwikkelingsamewerking ten einde voldoende en voorspelbare middele aan ontwikkelende lande te bied – veral die mees onderontwikkelde lande – om programme en beleide te implementeer om armoede in al sy dimensies te beëindig”.

Uiterste armoede bly egter 'n groot bron van kommer in Afrika en in die mees onderontwikkelde lande, klein eiland-ontwikkelende state, in sommige middelinkomstelande en lande in en ná konflik. Tot [42% van alle mense in Afrika suid van die Sahara leef byvoorbeeld steeds onder die broodlyn](#), terwyl 160 miljoen kinders wêreldwyd teen 2030 in armoede vasgevang kan word. En ons weet dat om in armoede groot te word en om die negatiewe gevolge van ontbering te ervaar, gevolge kan hê wat vir 'n leeftyd kan duur.

In die lig van hierdie bekommernisse, het die VN se Algemene Vergadering sy [Derde VN-dekade vir die Uitwissing van Armoede](#) (2018–2027) aangekondig. Die doel van hierdie inisiatief is om die momentum te behou wat deur die Tweede VN-dekade vir die Uitwissing van Armoede (2008–2017) geskep is.

In 1995 het die [Wêreldberaad vir Maatskaplike Ontwikkeling](#) drie kernkwessies geïdentifiseer, naamlik die uitwissing van armoede, werkskepping en sosiale integrasie ten einde veilige, regverdige, vrye en harmonieuse samelewings te bou wat geleenthede en hoër lewenstandaarde vir almal skep.

Dit word binne die VN-stelsel deur die [Afdeling vir Maatskaplike Beleid en Ontwikkeling](#) van die [Departement vir Ekonomiese en Maatskaplike Sake](#) ondersteun.

Die neksus (verband) tussen armoede en korrupsie

Dit is net reg dat daar wêreldwyd baie gedoen word om armoede, saam met al die negatiewe gevolge daarvan, uit te wis. Maar daar is nog 'n belangrike aspek wat verstaan moet word, en dit is die bese kringloop van armoede deur die neksus met korrupsie.

Peter Eigen, die stigter van Transparency International (TI), [voer aan](#) dat “korrupsie 'n groot oorsaak van armoede, asook 'n hindernis om dit te oorkom, is. Die twee plaes voed mekaar en hulle vang bevolkings in 'n siklus van ellende vas. Korrupsie moet kragtig aangespreek word vir hulp om 'n daadwerklike verskil te maak om mense uit armoede te bevry”.

Die Wêreld Ekonomiese Forum [wys daarop](#) dat korrupsie die wêreld jaarliks minstens \$2,6 biljoen kos, oftewel 5% van die wêreldwye bruto binnelandse produk (BBP) en dit ondermyn uiteraard pogings om armoede te verminder. Volgens die Wêreldbank betaal sakeondernemings en individue jaarliks [meer as \\$1 biljoen aan omkoopgeld](#).

Suid-Afrikaners het in 1994 soveel hoop gehad. As die nuutste demokrasie op die vasteland was daar soveel belofte om armoede, werkloosheid en ongelykheid aan te spreek en betekenisvolle en volhoubare ekonomiese groei te vestig.

Ons verkeer egter 30 jaar later ongelukkig in 'n toestand van swarmoedigheid. Weens die geleidelike agteruitgang in etiese gedrag in ons regering én in die private sektor en breër samelewing het gierigheid, die begeerte na mag, eiebelang en korrupsie die groot hoop en euforie laat verdamp, aldus prof Deresh Ramjugernath, Viserektor: Leer en Onderrig, aan die Universiteit Stellenbosch. Hy [sê](#): “Korrupsie sit die siklus van armoede voort!”

Die pad vorentoe

In ons jongste boek, [The Nexus between Poverty and Corruption: Quo Vadis?](#), waarvoor ons saam met Sakhile Zondi en Purshottama Reddy mederedakteurs was, stel ons perspektiewe deur kundiges uit verskillende Afrikalande bekend oor hoe ons die verskillende uitdagings op ons vasteland kan aanspreek – veral ten opsigte van korrupsie wat armoede fasiliteer, omdat eersgenoemde nie net openbare vertrouwe nie, maar ook beleggersvertroue wegvreet. Daarbenewens ondermyn dit demokratiese winste en die oppergesag van die reg; lei dit tot die skending van menseregte; word burgers ontmagtig; en takel dit 'n land se geloofwaardigheid in die globale arena af, asook die lewensgehalte.

Op hierdie Internasionale Dag vir die Uitwissing van Armoede moet ons ag slaan op die [woorde](#) van Ramjugernath dat “dit 'n beduidende verandering in die breë populistiese begrip van etiek, integriteit, sedes en waardes, en 'n sterk klem op aanspreeklikheid, gevolgsgestuur, goeie oorsigbestuur en verantwoordelike leierskap gaan verg” indien ons vordering wil maak met die aanspreek van armoede en korrupsie om onder meer die visie van [Agenda 2060: The Africa We Want](#) te verwesenlik.

***Prof Pregala Pillay is 'n professor by die Skool vir Publieke Leierskap aan die Universiteit Stellenbosch. Dr Chris Jones is die hoofnavorsers in die US se Departement Sistematiese Teologie en Ekklesiologie en ook die hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap.**